

T

VRAAG 2: NOK

Gegee:

- Beginposisie T vir die verplasinggrafiek wat 'n eenvormige beweging aandui.

Beweging:

- Die volger begin by die maksimum verplasingpunt wat vertikaal 75 mm bokant beginpunt T is
- Die volger daal 25 mm vir die eerste 30°.
- Die volger verkeer in rus vir 60°.
- Die volger daal 15 mm vir die volgende 30°.
- Daar is 'n rusperiode vir 90°.
- Die volger daal dan met 35 mm oor 30°.
- Vir die volgende 30° rus die volger.
- Die volger styg tot die maksimum, oorspronklike posisie vir die res van die rotasie.

Instruksies:

- Teken volgens 'n horisontale skaal van 30° = 11 mm en 'n vertikale verplasing skaal van 1:1, die verplasinggrafiek vir die vereiste bewegings.
- Benoem die grafiek en dui die skale onderskeidelik aan. [12]

ASSESSERINGSKRITERA			
1	KONSTRUKSIE	3	
2	PUNTE + VERBINDINGS	7.5	
3	BYSKRIFTE	1.5	
SUBTOTAAL		12	

Q

VRAAG 2: NOK

Gegee:

- Beginposisie Q vir die verplasinggrafiek.

Beweging:

'n Nok roteer teen 'n konstante snelheid en verleen die volgende eenvormige bewegings aan 'n volger:

- Die volger styg vir 18 mm vir die eerste 45°.
- Die volger styg 10 mm verder vir die volgende 90°.
- Die volger styg met 25 mm vir 45°.
- Daar is 'n rusperiode vir 90°
- Die volger styg tot en met 'n maksimum hoogte van 70 mm vir 45°.
- Die volger beweeg terug na die oorspronklike posisie vir die res van die rotasie.

Instruksies:

- Teken volgens 'n horisontale skaal van 150 mm = 360° en 'n verplasing skaal van 1 : 1, die volgende verplasinggrafiek vir die vereiste bewegings.
- Benoem die grafiek en dui die skale aan. [11]

ASSESSERINGSKRITERA			
1	KONSTRUKSIE	3	
2	PUNTE + VERBINDINGS	6.5	
3	BYSKRIFTE	1.5	
SUBTOTAAL		11	
TOTAAL		23	



NOK

BERAAMDE TYD VIR VOLTOOIING	20 MIN	GRAAD
JOU TYD VAN VOLTOOIING	MIN	11

NAAM & VAN

TAAK	BLADSY
11.2	49